# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (11-15 Mei 2026)

---

## ONS ONTMOET MEKAAR
Wie was die vrou wat die grootste invloed op jou geloofslewe gehad het en hoe het sy dit gedoen?

## ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

## GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing:** Hand 16:1 en 2 Tim 1:3-5
**Tema:** Moeders se aansteeklike geloof.

## Gespreksvrae:
1. Waarom, dink jy, begin geloof meestal by die huis?

2. Wat leer ons by Loïs en Eunice oor die rol van ouma’s en ma’s in kinders se lewens?

3. Hoe kan ouers en grootouers vandag prakties geloof aan kinders oordra? (Ps 78:3-4)

4. Waarom is “opregte of egte geloof” belangriker as “perfekte geloof”?

5. Watter rol speel verhoudings in die oordra van geloof?

6. Watter invloed het voorbeeld en leefstyl op kinders en jongmense se geloof? (1 Kor 11:1)

7. Bespreek:

7.1 Een geslag se gehoorsaamheid raak die volgende geslag se bestemming.
7.2 Jou kinders se geloof en opvoeding kan nie uitgekontrakteur word aan ander rolspelers in jou kinders se lewens nie.

8. Wat uit hierdie boodskap het jou die meeste bemoedig of uitgedaag, en waarom?

## GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS
Gaan sê dankie ‘n vrou wat ‘n groot positiewe vormende invloed op jou lewe gehad het of steeds het.

Almal is baie welkom by die volgende aanbiddingsgeleenthede:
**Hemelvaartdiens**
Donderdag 14 Mei om 18:30 in die kerkgebou.
**Pinksterdienste**
Maandag 18 Mei tot Woensdag 20 Mei om 10:00 by Kraggakamma Uitspanning en 18:30 in die kerkgebou.